# MSc Tegnologie- en Tegnologiebestuur (Gedoseer) (12251079)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 2 jaar |
| **Totale krediete** | 180 |

## Programinligting

- Tensy die Dekaan, op aanbeveling van die betrokke departementshoof, anders besluit, word die magistergraad toegeken op grond van eksamens in kursuswerk en ’n miniverhandeling (insluitend ’n eksamen oor die miniverhandeling).
- ’n Minimum van 180 krediete word vereis vir die MSc-graadprogramme. ’n Miniverhandeling (60 krediete) en kursuswerk (120 krediete) word in die program ingesluit.
- Geen erkenning sal verleen word vir krediete wat tydens studie vir die BIngHons of die BScHons verwerf is nie.
- Die leergang word in oorleg met die betrokke departementshoof bepaal. Enige spesifieke module word aangebied op voorwaarde dat ’n sekere minimum getal studente daarvoor inskryf, soos bepaal deur die departementshoof en die Dekaan. Raadpleeg die betrokke departementshoof oor die samestelling van ’n sinvolle nagraadse studieprogram, asook oor die leerinhoud van die modules. Raadpleeg ook die betrokke departementele nagraadse brosjures.

## Toelatingsvereistes

The admission requirement for the MSc is a MSC (Hon) or equivalent qualification. A selection procedure takes place prior to admission to the Masters degree. Restrictions may be placed on the number of students admitted. Postgraduate selection takes place as stipulated in the respective departmental rules. (click here)

## Eksamens en slaagvereistes

Die bepalings van toepaslike Fakulteitsregulasie geld.
Riglyne oor die voorbereiding en eksaminering van miniverhandelings is by alle departemente beskikbaar.

i. Die eksamen in elke module waarvoor 'n student geregistreer is, neem plaas gedurende die gewone eksamenperiode na afsluiting van die lesings (Oktober/November of Mei/Junie).
ii. 'n Student geregistreer vir die meestersgraad moet hy of sy studies binne drie jaar voltooi, met dien verstande dat die dekaan, op aanbeveling van die hoof van die betrokke departement, 'n beperkte verlenging van hierdie periode mag goedkeur.
iii. 'n Student moet ten miste 50% behaal in die eksamen vir elke module waar geen semester- of jaarpunt toegeken word nie. 'n Module mag slegs een maal herhaal word.
iv. In modules waar semester- of jaarpunte toegeken word, moet 'n minimum punt 40% en 'n finale punt van 50% vereis.

v. Geen aanvullende of spesiale eksamens word toegeken op nagraadse vlak nie.

## Navorsing

Die student moet deur middel van ’n miniverhandeling bewys lewer dat hy of sy in staat is om ’n wetenskaplike ondersoek te beplan, in te stel en uit te voer. As deel van die eksaminering moet 'n student n artikel indien en dit aanbied by die jaareindsimposium. Die artikel moet gebaseer wees op die navorsing wat die student vir die verhandeling gedoen het en moet deur die studieleier goedgekeur wees. Die toekenning van die graad is onderworpe aan nakoming van die voorwaardes van hierdie regulasie.

## Slaag met lof

'n Student wat die magistergraad voltooi op grond van kursuswerk en ’n miniverhandeling, slaag met lof indien ’n geweegde gemiddelde van minstens 75% behaal word in die eerste 180 krediete wat vir die graad voltooi is, met dien verstande dat die miniverhandeling 60 van die genoemde krediete tel. Die graad word egter nie met lof toegeken indien die student enige van die modules wat deel vorm van bogenoemde krediete gedruip het nie (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit) en ook nie indien die student minder as 70% vir die miniverhandeling behaal het nie.

# Kurrikulum: Jaar 1

## Kernmodules

Besluitanalise 880 (IBD 880) - Krediete: 10.00
Tegnologiese intrapreneurskap 880 (IEE 880) - Krediete: 10.00
Tegnologiekommersialisering 881 (IKG 881) - Krediete: 10.00
Literatuurstudie 801 (ILS 801) - Krediete: 10.00
Navorsingsmetodologie 800 (INI 800) - Krediete: 10.00
Organisasie en innovasie 880 (INV 880) - Krediete: 10.00
Projekbestuur 804 (IPK 804) - Krediete: 10.00
Wetenskap, tegnologie en innovasiebeleid 880 (ISP 880) - Krediete: 10.00
Tegnologiebestuur 802 (ITB 802) - Krediete: 10.00

# Kurrikulum: Finale jaar

## Kernmodules

Finansiële bestuur 831 (FBS 831) - Krediete: 16.00
Nuwe produk ontwikkeling 780 (INP 880) - Krediete: 10.00
Miniverhandeling 898 (ISC 898) - Krediete: 60.00
Strategiese tegnologie- en innovasiebestuur 880 (IST 880) - Krediete: 10.00
Werknemersbestuur 884 (PEM 884) - Krediete: 16.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.